**Die tabernakel versus die tuin van Eden**

**Gen 2:4-17**

**14 Julie 2024**

1. Vantevore: Kamp = uitverkiesing; ingang in tabernakel = roeping, wedergeboorte, bekering, geloof; voorhof = regverdigmaking; Heilige = heiligmaking; Allerheiligste = heerlikmaking
2. Beskrywing van die tuin van Eden (Gen 2:8-17, 3:23-24)
    a. Here God het die tuin geplant (Gen 2:8, vgl Eks 3:14)
    b. Tuin is vir die mens aangeplant (Gen 2:8)
    c. Tuin was in Eden in die ooste – 'n deel van die aarde (Gen 2:8)
    d. Items in die tuin van Eden (Gen 2:9-14): Bome (insluitend: boom van die lewe en die boom van kennis van goed en kwaad), 'n rivier wat vertak en verder loop, goud, balsem, oniksgesteentes, ingang aan oostekant (Gen 3:23-24)
3. Adam se opdragte (Gen 2:15)
    a. Tuin bewerk en bewaak (OAV), aarde onderwerp, vermeerder en vul (Gen 1:28)
    b. Tuin moes uitgebrei word tot hele aarde gevul was met tuin en met mense
4. Vergelyking van tuin van Eden met tabernakel
    a. Ooreenkomste tussen tuin van Eden en tabernakel:
        - God inisieer beide en verseker beide is volgens Sy opdrag (Eks 25:9, Gen 1:31 vs Eks 39:42-43)
        - Boom van die lewe vs kandelaar (vgl Gen 3:22)
        - Boom van kennis van goed en kwaad vs God se wet in die verbondsark
        - Riviere in tuin vs riviere in Esegiël se visioen (Eseg 47:1-12) en Nuwe Jerusalem (Op 22:1-2), en tafel met toonbrode in tabernakel
        - Goud in die tuin vs goud in die Heilige (en Allerheiligste)
        - Oniks in tuin vs oniksstene op hoëpriester se skouers (Eks 28:9-12)
        - Balsem in tuin vs balsem in salfolie en wierookoffers (Eks 25:6)
        - Ingang van tuin en tabernakel aan oostekant (Gen 3:23-24)
        - Gerubs by ingang van tuin vs gerubs op voorhangsel in tabernakel
        - God wandel in tuin vs Sy heerlikheid vul tabernakel (Gen 3:8, Eks 40:34)
        - Adam bewerk en bewaak die tuin vs priesters bewerk en bewaak die heiligdom (Num 18:1), Adam brei tuin uit, priesters moet lig laat skyn
    b. Verskille tussen tuin van Eden en tabernakel:
        - Geen ekwivalent van brandofferaltaar of waskom in tuin nie – dus geen voorhof nie, geen noodsaak aan regverdigmaking nie, nog geen sonde nie
        - Wel die boom van kennis van goed en kwaad in die tuin (ekwivalent van wet in tabernakel), maar sonder 'n ekwivalent van verbondsark – moet op eie gehoorsaamheid vorder na heerlikmaking
        - Na sondeval uit tuin gestuur – nou is daar noodsaak vir regverdigmaking, moet inkom langs nuwe lewende weg deur die voorhof en Heilige tot in Allerheiligste (Heb 10:19)
5. Jakob se droom by Bet-El (Gen 28:10-22)
    a. Bet-El, tuin van Eden, tabernakel = ontmoetingsplek met die Here
    b. Belofte aan Jakob: groot nageslag wêreldwyd (v14-15) – soos Adam tuin moes uitbrei, soos gelowiges lig moet laat skyn
    c. Jakob besef Bet-El is huis van God (v17) – soos tuin van Eden, soos tabernakel
6. Tabernakel/tempel deurlopende tema in openbaringsgeskiedenis